kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 358

Welkom, o stille nag van vrede,
onder die suiderkruis,
wyl stemme uit die ou verlede
oor sterrehemel ruis.

Refrein
Kersfees kom, Kersfees kom –
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.

Hoor jy hoe sag die klokke beier
In eeue-oue taal.
Kyk, selfs die nagtelike swye
vertel die ou verhaal.

Voel jy ook nou sy warm liefde
As ons die dag gedenk,
Toe Hy sy Seun aan ons gegee het –
Ons grootste kersgeskenk.
Christus kom, Christus kom –
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.

Woorddiens

Tema: Die tekens van ons tye! Waarvoor kyk ons?

Skriflesing: Lukas 21:25-36

"A prison cell, in which one waits, hopes - and is completely dependent on the fact that the door of freedom has to be opened from the outside, is not a bad picture of Advent"
— Dietrich Bonhoeffer, God Is in the Manger: Reflections on Advent and Christmas

Broodjies vir die pad

"God travels wonderful ways with human beings, but he does not comply with the views and opinions of people. God does not go the way that people want to prescribe for him; rather, his way is beyond all comprehension, free and self-determined beyond all proof. Where reason is indignant, where our nature rebels, where our piety anxiously keeps us away: that is precisely where God loves to be. There he confounds the reason of the reasonable; there he aggravates our nature, our piety—that is where he wants to be, and no one can keep him from it. Only the humble believe him and rejoice that God is so free and so marvelous that he does wonders where people despair, that he takes what is little and lowly and makes it marvelous. And that is the wonder of all wonders, that God loves the lowly.... God is not ashamed of the lowliness of human beings. God marches right in. He chooses people as his instruments and performs his wonders where one would least expect them. God is near to lowliness; he loves the lost, the neglected, the unseemly, the excluded, the weak and broken."
— Dietrich Bonhoeffer, God Is in the Manger: Reflections on Advent and Christmas

Baai baai, Bo-Kaap

Niks diggerloaders die kee'
Ma' wel manne met diep sakke.
Die mense vannie Woodstock
Moet waai.
Die mense vannie Bo-Kaap
Moet waai.
Pak jou klere en bondel jou kin'es,
Ma' lossie memories
En jou hele liewe,
want daar'sie 'n suitcase groot genoeg vi' daai.
En die man mettie gel' innie sak praat van gentrification.
Soe julle moet plek maak vir overseas mense
wie kom op vacation.
En vat ma' somme jou hond oek saam.
Los nou die gegroetery,
djy kan uit'ie taxi skrie, Salaam.
Die price tag is te hoeg.
Gel' koep alles, including 'n liewe-lange geswoeg
Agte' n naaimasjien by Rex Trueform en true to form
Drai'ie gowerment sy rug.
Nieman' het jou geforsie,
Om 'n kruisie te trek is jou plig.
Ma' nou moet djy spat,
becaus'ie hipsters en yupsters is amal op pad.
But we won't leave you stranded
We will relocate you to another planet
Da' annikant die duine.
Nie, o's needie dai nie
Vat saam jou go'dyne.
Wag da skrie die gaatjie nou.
Your time is again up, off you go.

Ricardo Arendse

Die skermgreep lê só op jou aandag beslag

Wilhelm Jordaan

Dit is goed dat nuwe woorde vir nuwe dinge gemaak word. Sodat ons beter kan beskryf wat ons weet, dink en voel. Só

verwys "skermgreep" na die prentjie wat op die skerm van jou slimfoon of rekenaar vertoon word.

Vir baie mense het dit lewensbelangrik geword om deurentyd aandag te gee aan die "boodskappe" in skermgrepe. By wyse van spreke kan mans nie die seine of vibrasies in hul broeksakke (dis nou selfoonvibrasies) weerstaan nie, net soos vroue nie die seine of vibrasies in hul handsakke kan weerstaan nie.

Die skermgrepe bevat dalk iets wat nóú gesien en geweet moet word, nie later nie. En die voorbeelde is talryk: Studente bekyk skermgrepe eerder as om na hul dosent te luister; kinders doen dit om ouers se gesanik uit te doof; mense doen dit met mekaar om mekaar uit te doof. Ja, weliswaar deel ons graag skermgrepe met vriende en geliefdes, maar tog sukkel ons om mekaar in die oë te kyk en te gesels oor dit wat saak maak buite die bestek van die skermgreep.

Om te verstaan wat met ons gebeur deur die skermgreep se inperkende elektroniese ruimte, is dit nuttig om enkele bybetekenisse van die woordstuk "greep" te bedink:

Greep beteken "brokstuk" – 'n deeltjie van die geheel, 'n klein stukkie geheue sonder perspektief. Greep verwys ook na die "houvas" wat iets op jou het en waaruit jy nie kan ontsnap nie, soos 'n rofstoeier se knellende greep op sy opponent. Alles saam verwys "skermgreep" dan na dit wat so beslag op jou aandag en bewussyn lê dat dit baie ander dinge uitsluit.

Sonder twyfel is die inligting in skermgrepe waardevol. Die gevaar is dat jy jouself kondisioneer om die skermgreep te beleef as die bepalende "afmetings" van die werklikheid. Die resultaat is 'n klein wêreldprentjie bestaande uit 'n losse sameflansing van skermgrepies. Jy verloor 'n geheelperspektief wat algaande kan uitloop op ontvlugting én selfmisleiding.

Ontvlugting kweek arrogansie. Van die soort wat jou – sonder 'n breë insig in menswees en uiteenlopende lewenstoedragte – met bravade laat sê: "Ek weet wat ek nodig het en ek weet wat is reg en verkeerd."

Ontvlugting plavei ook die pad na klein eilandjies van geluksaligheid – die opeenstapeling van kortstondige vreugdetjies by nagtelike uithangplekkies en naweek-avontuurtjies. En werk is net nodig om dit te bekostig.

Jy herken dié soort skermgreepmense aan die vermoeidheid wat intree as hulle 'n verwikkelde paragraaf in 'n koerant of boek moet lees, of met aandag na iemand moet luister. Soos die beertjie Winnie the Pooh het hulle 'n klein breintjie en lang woorde maak hulle moeg.

Om 'n breër wêreldprentjie te hê, beteken nie om 'n hovaardige beterweter te wees nie. Dit beteken om verby die skermgreep lewensgevoelig te leef, aangevuur deur 'n tergende onrus dat jou verstaan van lewensdinge onvolledig en onvoltooid is.

** Jordaan is 'n buitengewone professor in sielkunde aan die Universiteit van Pretoria.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/die-skermgreep-le-so-op-jou-aandag-beslag-20181127

"The most important thing in all human relationships is conversation, but people don't talk anymore, they don't sit down to talk and listen. They go to the theater, the cinema, watch television, listen to the radio, read books, but they almost never talk. If we want to change the world, we have to go back to a time when warriors would gather around a fire and tell stories."
— Paulo Coelho

Brood vir die pad

Vergete kuns van niksdoen lei dalk tot ontdekkings

RRV

In die onlangse rolprentChristopher Robin is Christopher – die jong seun in A.A. Milne se bekende /Winnie-the-Pooh-/kinderboeke – nou 'n volwasse man wie se werk sy lewe so oorgeneem het dat hy nie meer tyd vir sy gesin het nie.

Vergete is die verbeeldingryke spel en niksdoen van sy kinderjare. Die volwasse lewe stel immers ander eise en bring ander verantwoordelikhede.

Daarom merk hy in 'n stadium teenoor sy dogter op: "Dreams don't come for free, Madeline. You

have to work for them. Nothing comes from nothing." Gegewe die manier waarop Christopher se prioriteite skeefgetrek geraak het, besluit Winnie-the-Pooh, Piglet, Tigger en van die ander karakters om in te gryp en van die woud na die stad te reis om Christopher te gaan help.

Soos die verhaal ontvou, deel Pooh heelwat wyshede. In 'n stadium merk die geliefde teddiebeer teenoor Christopher op: "They say nothing is impossible, but I do nothing every day." Duidelik het Pooh 'n ander uitkyk op die lewe – en spesifiek op niksdoen – as Christopher.

Die stelling dat niks onmoontlik is nie, het 'n motiverende krag. Baie kan vermag word deur harde werk en 'n positiewe lewenshouding.

Maar moontlik resoneer die opmerking van Pooh met baie mense vandag omdat ons aanvoel dat ons werk en besig wees 'n ongesonde en destruktiewe houvas op ons denke en hart verkry het.

Die soort van niksdoen waarna Pooh verwys, het sodoende vir ons onmoontlik geword. Stilte, gebed, meditasie, stap, spel, verbeeldingsvlugte en verwondering neem sodoende 'n al kleiner plek in ons lewens in. In die proses ly ons verhoudinge en menswees skade.

Meer en meer skrywers lewer daarom, dikwels in aansluiting by geestelike tradisies, 'n pleidooi vir die vergete "kuns van niksdoen." Ons kan byvoeg dat die soort van niksdoen waarvan ons hier praat, nie noodwendig beteken dat niks gebeur nie. Of om dit in teologiese terme uit te druk: As ons niks doen nie, beteken dit nie dat God niks doen nie.

Die "kuns van niksdoen" behels uiteraard ook nie dat ons die hele dag lank niks doen nie. Maar dit hou wel in – soos Pooh uitwys – dat niksdoen 'n daaglikse moontlikheid is.

En dalk help hierdie niksdoen ons juis met hernude visie en handeling, sodat ons ontdek dat dit wat onmoontlik lyk, dalk meer moontlik is as wat ons gedink het.

Of om weer 'n wysheid van Pooh aan te haal: "Doing nothing often leads to the very best some-thing."

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/vergete-kuns-van-niksdoen-lei-dalk-tot-ontdekkings-20181123

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877